Heilbron Herald
WEEK 6 Deel 111
VRYDAG - 21 FEBRUARIE 2020
If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

Muller Draaiwerke
Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

# Is die Sasolburg-pad nog veilig?

Die Van Rooyen Boerdery is op 18 Februarie 'n vragmotor kwyt na 'n kaping op die Sasolburg-pad. Een van Jacques van Rooyen se trokke het op hierdie dag varke by die slagpale in Sasolburg gaan aflewer. Met die terugkomslag was die drywer se aandag afgetrek deur die twee insittendes van 'n wit Toyota Corolla wat beduie het dat daar fout is met sy agterste bande en moet aftrek. Tot die drywer se spyt het hy dit gedoen en was vasgekeer van voor en agter. Die Corolla het die trok van voor vasgekeer en 'n wit Nissan Navara met 4 insittendes het hom van agter af geblok. Die gebeurtenis het ongeveer half 12 die middag in die omgewing van Vyandsvlei op die R57 plaasgevind. Die drywer is met 'n vuurwapen teen sy kop gedreig en van al sy besittings geroof. 'n Nabygeleë plaaswerker is ook beroof en al sy geld is uit sy bankrekening getrek. Beide mans is in die Navara gelaai. Die kapers het met die trok weggery en die drywer is naby Hersa langs die Potchefstroom-pad afgelaai en moes in die grasse wegkruip. Die opsporingstelsel van die trok is verwyder teen 13:00 uur se kant en kon nie opgespoor word nie. Die twee moes in die gras bly lê totdat 'n teken ontvang is vanaf 'n motorvoertuig wat sou verbygaan. Indien die twee vroeër sou opstaan, sou hulle geskiet word. Teen 14:30 se kant het 'n voertuig op sy toeter geblaas soos bespreek en kon hulle opstaan. Hulle is na 'n nabygeleë boer vir hulp. Volgens wat die drywer kon aflei is die kapers afkomstig van die Boksburg/Springs area. Trokdrywers word gewaarsku om versigtig en bedag te wees en by 'n veilige omgewing af te trek indien dit sou nodig wees. Daar is verder nog geen inligting nie en die SAPD Sasolburg hanteer die saak.



*Die Bieliemieliefees is elke jaar die onder sewe's se eerste bulletjie rugby ervaring. Ouers en kinders se opgewondenheid is meetbaar, maar die groot pret kom na die wedstryde wanneer hulle aan die vermaak kan deelneem. Hoërskool Heilbron se bulletjies saam met "Robocop" vl : Henre Weilbach, Merwe Els, Rudie Jonker en RJ Muller.*

# Veeboere kan asemhaal, verbod gelig

Die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, Thoko Didiza, sê 'n lang pad sal nog geloop moet word voordat die einde van die uitbreking verklaar kan word, asook vir die land om weer internasionaal erken te word as 'n gebied vry van bek-en-klouseer.

Volgens Landbouweekblad het die departement saam met belanghebbendes in die bedryf besluit om die verbod op te hef, aangesien die aanvanklike verspreiding van die siekte suksesvol in bedwang gehou kon word. 'n Tydelike verbod is in Desember ingestel as 'n maatreël om te voorkom dat die siekte versprei nadat dit in Limpopo uitgebreek het. Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het sedert November sowat 160 eiendomme ondersoek weens die moontlike verband met spesifieke veilings en geaffekteerde eiendomme. Kwarantyn wat voorkomend ingestel is, is by meer as 90 van hierdie eiendomme opgehef. Op 18 plase is diere positief vir bek-en-klouseer getoets. Die meeste van dié eiendomme is kommersiële beesplase, insluitend 'n paar voerkrale.











# Verbod op veilings uiteindelik gelig

Die VF Plus verwelkom die aankondiging van die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike ontwikkeling, Thoko Didiza, dat die verbod op veeveilings gelig word. Die verbod op veilings volg op die uitbreking van bek-en-klouseer in Limpopo.

Die VF Plus verwelkom maatreëls wat deur die minister aangekondig is om verdere uitbreking te voorkom en die situasie te monitor.

Die VF Plus het sedert die aankondiging van die uitbreking van die siekte in 2019 daarop aangedring dat die departement gesonde gebiede binne provinsies verklaar waarbinne veilings steeds kan plaasvind om sodoende te verseker dat die boere en die ekonomieë van die provinsies nie ernstig benadeel word nie.

Suid-Afrika se landbousektor gaan reeds gebuk onder die onsekerheid van grondonteiening sonder vergoeding, die droogte wat die landbousektor reeds vir jare lank teister en die mees onlangse verbod op veilings weens bek-en-klouseer.

Die verbod op veilings het gelei tot 'n ernstige ekonomiese verlies vir die landboubedryf wat na raming meer as R10 miljard beloop. Dit is 'n ernstige verlies, aangesien die veiling-industrie se omset, luidens 'n berig, R81 miljard per jaar is.


Die departement ervaar steeds 'n wesenlike tekort aan veeartse. Die VF Plus eis dat die departement so gou doenlik veeartse aanstel en die stelsel verbeter om verdere uitbreking van bek-en-klouseer te verhoed. Die departement moet seker maak dat die land se rooisones en grense beveilig word om te voorkom dat gesonde diere met besmette diere in aanraking kom.

Die departement kan nie maatreëls aankondig en dit selektief toepas nie. Die VF Plus sal die departement verantwoordbaar hou om te verseker dat hierdie maatreëls deur die bank in alle kategorieë (kommersieel en ontwikkelend) van landbou gehoorsaam word.

Dit is belangrik dat die departement voorkomend optree ten opsigte van siektes soos bek-en-klouseer en nie, soos in hierdie geval, reaktief nie.

***Tammy Breedt - VF Plus-LP en hoofwoordvoerder: Landbou***

# TERUGBLIK



***IN DIE HEILBRON HERALD 22 AUGUSTUS 2014: SABT-SKOU OP HEILBRON***

*Selfs die koue, nat weer kon nie die Boerboelliefhebbers keer om te kon spog met hulle honde nie. Die oggend het Saterdag negeuur afgeskop met die jonger honde. Teen twaalfuur het die kampioenskappe plaasgevind en is die algehele wenners van die dag gekies. Die dag is gereël deur die Suid-Afrikaanse Boerboel Telersvereniging. Die organisasie, vertoners en toeskouers was baie beïndruk met die saal van die CVO-skool wat inderhaas reggemaak moes word om mens en dier uit die reën te hou. Op die foto: Grant Davids met sy hond Anderson Phoenix.*

# Lede leer meer van boomgom



*Die Dienssentrum lede bespreek amber en boomgom op 18 Februarie 2020. Amber is versteende boomgom wat onder andere gebruik word om juwele van te maak. Daar was ook geleer van baie ander aanwendings van boomgom waarvan die lede nie geweet het nie. Sommiges het ander verpligtinge gehad vir die dag en het uitgemis op nie net die interessante inligting nie, maar oor die heerlike waatlemoen na die tyd. Volgende week word die sessie verryk met inligting oor moesies, melanome en velkanker.*

## Het jy geweet ?...

Druiwe, rosyne en sjokolade is giftig vir honde. Is dit egter ook giftig vir voëls? Die gevaarlikste van die gewone menslike voedsel vir papegaaie is die avokadopeer. Selfs 'n mondvol of twee kan 'n papegaai ernstige hartskade aanrig. Sjokolade, suiwelprodukte en enigiets wat kafeïen, alkohol of baie sout en speserye bevat, is nie geskik vir voëls nie. Egter is druiwe en rosyne, net soos die meeste ander vrugte, veilig vir voëls om in te neem.

# Neels Claasen oorlede na 'n lang siekbed



Neels Claasen is gebore in Heilbron op 30 Julie 1940 en woonagtig op Vlaklaagte. Hy was 'n boer en eienaar van Vlaklaagte Slaghuis, wat 'n sagte hart gehad het vir sy medemens. Hy is oorlede op 9 Februarie 2020 na 'n lang siekbed. Sy troosdiens het plaasgevind Donderdag, 13 Februarie vanuit die NG Moedergemeente Heilbron. Hy laat na sy eggenote Elna en drie kinders Annatjie, Peet, Corrie (Smurf) en ses kleinkinders.

# Minimumloon verhoog werkloosheid, sê TLU SA

TLU SA is steeds gekant teen die minimumloon-stelsel in Suid-Afrika omdat dit bydra om mense buite die werksomgewing te hou en die ekonomie verswak.

Die verhoogde minimumloon is vandeesweek amptelik aangekondig en tree op 1 Maart 2020 in werking. Die 3,8% verhoging bring die minimumloon vir plaaswerkers op na R18,68 per uur, maar is ver onder die 12,5% waarop vakbonde aangedring het. Dit terwyl die werkloosheidsyfer vir die vierde kwartaal in 2019, verlede week as 29,1% aangedui is. Sowat 40% van Suid-Afrikaners tussen die ouderdomme van 15 tot 34 is werkloos, en ook nie besig met die een of ander vorm van opleiding of tersiêre onderrig nie.

"Die ANC en sy alliansie-vennote het nie 'n saak met die ekonomie of werkloses in die land nie en tree slegs in belang van hulle lede op," sê mnr. Louis Meintjes, die president van TLU SA. "Die beperking van 'n minimumloon ontneem 'n persoon wat wel bereid is om te onderhandel vir sy loon, van 'n werksgeleentheid.

"As iemand bereid is om as 'n plaasarbeider te werk vir 'n loon van byvoorbeeld R2 500 teenoor die gedwonge R3 360 per maand, omdat dit is wat die boer kan bekostig, gee jy aan daardie persoon die waardigheid om nie van 'n staatstoelae of bedelary afhanklik te wees vir oorlewing nie," sê mnr. Meintjes. "Wanneer meer mense in 'n gesin kan werk, is die gesamentlike inkomste van die gesin dan mos ook hoër, as wanneer net een persoon in die gesin – teen 'n hoër loon – kan werk.

"Ten spyte van wat opstokers mense wil laat glo, gee boere wel om vir hulle werkers en wil ons graag hê hulle moet beter lewens hê. Maar, om dit moeiliker te maak om meer werkers in diens te neem, is teenproduktief."

Deur aan te dring op absurde lone word die werkgewer wat dit nie kan bekostig nie, die werker wat nie in diens geneem word nie en die ekonomie wat nie plaaslike groei toon nie, benadeel. 'n Minimumloon-stelsel kan slegs suksesvol wees om mense op te hef, in 'n gestabiliseerde ekonomie. In die huidige Suid-Afrikaanse beleidsomgewing en ekonomie, dra dit egter net by tot werkloosheid en 'n afhanklikheid van staatstoelaes.

***Navrae: Mnr Louis Meintjes, President TLU SA, Sel.: 082 461 7262 en Mnr Bennie van Zyl, Hoofbestuurder TLU SA, Sel.: 082 466 4470***

# Shavathon Hope 2020

Cansa Shavathon 2020 was op 19 Februarie 2020 by Luha in Heilbron gehou. Kleuterkasteel leerders het daaraan deelgeneem en hulle ondersteuning gegee aan kankerlyers.

*Op die foto regs: Wade Berry en Betsie Walsh wat ook hulle donasie gemaak het.*

*Op die foto onder leerders van Kleuterkasteel.*






# Valentynsdans





*Die leerders van Hoërskool Heilbron vier Valentynsdag op 'n gepaste wyse. Jaarliks word daar vir die Graad 5-7 leerders 'n Valentynsdans gehou. Op 12 Februarie 2020 het die Primêre afdeling saam gesokkie. Die ouers het hierdie geleentheid meer geniet as die kinders en almal was opgewonde om deel te wees van die pret. Die Sekondêre afdeling het op 14 Februarie dieselfde geleentheid gevier en liefde was hoog in die lug by die "Golden melody".*

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30
Saterdae: 08:30 tot 13:00

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...

Herald
Office National

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | | | | 9 | | |
| 4 | 3 | | | | 6 | | | 1 |
| | | 6 | | | | | 7 | |
| | | | 9 | | | | | 8 |
| | 9 | 5 | 6 | 8 | | | | |
| | | | | 5 | | | | 7 |
| | | | | | | | | 4 |
| | 1 | 2 | | | | 6 | 8 | |
| | | 4 | 5 | 3 | 8 | | | |

**SUDOKU -** Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

**Heilbron • Edenville • Frankfort**



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

OJ'S MEAT MARKET
082 78 16163
lcilliers1997@gmail.com



**Langmarkstraat**
**HEILBRON**
**9650**

Weeklikse Specials

Varktjops (Loin) @ R49-95 per kg
Vrugtewors @ R78 per kg
Russian Braaiwors @ R60 per kg
Bushkraal Wors (Wildsvleis) @ R60 per kg
Rump Steak @ R89-95 per kg
Hoenderskildpadjies @ R85 per kg
Gouda & Cheddar kaas @ R85 per kg
Hoenderfillette @ R49-50 per kg

Dries Cilliers
082 781 6163
lcilliers1997@gmail.com

Terwyl voorraad hou!!

# KAAP TOE!



**EK WAS TWEE KEER IN DIE KAAP.** Die eerste keer was toe ek in graad 10 was. Die saak staan so: my ou pa en sy vriend was eendag by 'n bekendstelling van trekkers. Hulle moes elke trekker toetsbestuur en dan 'n kaartjie invul. Die is dan in 'n boksie gegooi vir 'n gelukspluk *(lucky draw)*.

So gebeur dit ook toe dat my pa die eerste prys wen: 'n vakansie vir twee weke, vir twee persone in Mauritius. Jammer, sê my ou pa, hy kan nie gaan nie, want dit is planttyd. So is dit toe.

Die borge van die kompetisie gee toe vir my pa 'n handvol geld en ek en hy, my ma en my sussie gaan Kaap toe. Ons stop eers in George en kuier vir 'n familielid. Toe af met die kus, slaap een nag in 'n hotel in die Strand, ry deur Kaapstad en slaap die aand in 'n hotel in Vredendal.

Ek kan onthou dat ons iewers naby Groentemarkplein verbygery het.

**DIE TWEEDE KEER WAT EK IN KAAPSTAD WAS, WAS SAAM MET 'N VRIENDIN.** Haar pa het 'n pos in die parlement gehad en hulle het 'n woonstel oorkant die parlementsgebou gehuur. Ons het die oggend by die oom en tannie ontbyt gekry en toe op die einste Groentemarkplein gaan rondstap. Later is ons na die Waterfront, maar niemand wou my by die Kasteel gaan aflaai nie, en niemand wou my Tafelberg toe neem nie.

Ai.

Iedergeval: my werk neem my toe eergister Kaapstad toe. Eers was dit 'n krisis van epidermiese proporsies, want die organiseerders het nie geglo dat ons twee persone moet stuur nie. In elk geval het die plek verskuif na Stellenbosch. Okay, seker nie 'n groot probleem nie. Ons vlieg tot by Kaapstad en ry dan tot in Stellenbsch.

Ek is baie opgewonde, want ek het nog nooit vir Kaapstad uit die lug gesien nie, en ook nie Stellenbosch nie.

Uiteindelik laat weet die organiseerders dat ons twee, ek en die baas, vergadering toe kan kom, want "hulle kon darem nog een sitplek aan ons afstaan". Ja, *sure*. Maar die samelewing het my al geleer: smeer konfyt om die bekkies en hulle word al hoe meer sag. Totdat hulle sawwer as sag is.

Iedergeval: ek en Steve, die baas, kry mekaar op OR Tambo. Alles rustig totdat ons onsself moes vasgespe in die vliegtuig.

"Die probleem is," sê hy, "ek het 'n fobie vir vlieg."

Ek sê toe sommer dat hy net nie langs my mag sit en skree nie, want ek gaan vir almal vertel dat hy skree soos 'n meisie. Nee, a, gedra jou!

Ons styg seepglad op. So halfuur in die lug skop die klein dogtertjie wat agter Steve sit sy stoel dat hy so hik. Steve vlieg om en kyk. Hy draai weer vorentoe en toe weer agtertoe. Eers later vertel hy my dat sy eerste gedagte was dat die vliegtuig besig is om uitmekaar te val.

Natuurlik het my baas toe op my sitplek gaan sit – die ene wat by die venster is. Ek sien net af en toe 'n paar hopies grond vanuit die vliegtuig. Dit is hoe die alleenstaande berge lyk. Hier en daar is daar 'n heerlike groen weiveld.

Ons land gladweg op 'n snikhete Kaapstadse Lughawe. Nou moet ons 'n motor kry tot in Stellenbosch. Toe ek weer sien, sluit die huurmotorbestuurder 'n silwer Mercedes oop en ek word in die agterste sitplek sitgemaak. Ons is nou op pad Stellenbosch toe. Dit is warm. Dis baie warm. Maar ons bestuurder maak geen aanstaltes om die lugreëling aan te skakel nie. Die sweet tap my af, want dit is 'n koepee – ek het nie my eie venster wat ek kan oopmaak nie. Ek voel hoe word my klere al hoe natter.

Ons kry toe uiteindelik die regte hotel. Ek land uitasem in my kamer. Natgesweet en swak van die honger.

Ons verkyk ons aan die bol wolke wat oor die Matroosberg rol. Dis later 19:15 en dit is helder lig buitekant.

**DIE VOLGENDE OGGEND KON EK NET NIE WAKKER NIE, WANT DAAR IS NOG NIE 'N SON NIE.** Ek vind toe uit dat die son eers hier by kwart oor 7 oor die berg kom, dan is dit amptelik oggend.

Ons kry toesprake en stel beleide saam en luister na almal se insette, maar ek kry nie my oë weggeskeur van die onderlooflike natuurskoon nie. As ek deur die venter kyk, pryk De Zalze Landgoed aan my regterkant. Jip, blykbaar is dit dieselfde de Zalze waar die moord plaasgevind het. Maar dit is steeds mooi. Groen veld en die spierwit huise.

Ek hoor ons gaan more die Minister van Onderwys ook ontmoet. Sy kom 'n toesprakie maak. En dan wil sy net gou-gou kyk of ons genoeg werk.

Vir al wat ek kan omgee, kan sy maar vir ons laat toets skryf ook, solank ek net na die natuurskoon kan kyk.

Maar ek vertel julle volgende keer hoe dit met môreaand se wynproe gaan afloop. Ek voel al hoe kwyl ek.

Groete uit Stellenbosch.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Nagmaal)
Deurkollekte: NG Gemeente Effata vir Dowes
Kategese / Blok 1

**NG SUID**
**Eerste Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Tienerdiens
Deurkollekte: VVA / Kategese

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Nagmaal: Sending)
Kollekte: Thuso-fonds / Katkisasie: Les 4
Diensbeurte: Wyk 2 & 3

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Eerste Lydensweek**
**Sondag:** 10:00 Erediens (Nagmaal)
Deurkollekte: Bybelverspreiding / VBO Les 5
Liefdesmaal - Groep 3

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*


**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# Atlete presteer tydens Multigreen byeenkoms



*Hoërskool Heilbron se sekondêre atlete presteer weer op die Multigreen byeenkoms. Die seuns behaal 'n 4de plek in die spankompetisie terwyl die dogters dit regkry om 5de te kom. Die volgende atlete op die foto het medaljes ontvang: Anelle Volschenk, Luzè Barnard, Refiloe Nortje, Britney Steyn, Leandri Bennink, Kristen Muller, Francois Els, Joshua van Wyk, Waldo Steyn, Wessel Steyn en Leboeuf du Plessis.*

# Bieliemieliefees





*Hoërskool Heilbron leerders speel hulle harte uit by die Bieliemieliefees se Mini-netbal en Bulletjie Rugby Livingball Toernooi 2020 verlede naweek. Op die foto bo agter vl : Chenè Labuschagne, Elnè du Plooy, Karli van Zyl, Elsenè van der Merwe, Elzeri Combrink en Chrisanlè Boshoff. Voor: Charmonè Rebeiro, Tinike Claassen, Marizaan Swanepoel, Caitlyn Ritchard, Amor Janse van Rensburg en Chrizette Greeff. Op die foto regs agter vl: Jan-Reint Bruwer, Mack Mouton, PL Snyman, Luan Bornman en LW Botha. Middel: Hanrè Weilbach, Ayden Hayward, Francois Hayes, Wilhelm Dreyer, Luhann Rossouw en Stiaan Boshoff. Voor: Leon Kruger, Cornèl Steyn, RJ Muller en Aiden Swanepoel. Sittend: Liam Snyman, Rudie Jonker en Merwe Els.*






# Nuwe personeel Reitz



*Die nuwe personeel wat in 2020 by Hoërskool Reitz aangesluit het, is voor vl: Dané Lombaard (assistent graad 3), Nicola Deyzel (Senior Wiskunde, Wiskunde Geletterdheid en EBW), Corli Smalberger (Tegnologie, PSW en EBW), Dinémari de Waal (Sotho, Landboubestuur en NW Graad 7 tot 9). Agter vl: Marnus Bierman (student-onderwyser) en Monica Meintjies (Engels Graad 4 tot 7).*






# "Well Done" funksie



*Mnr. Johnny van der Merwe verteenwoordig Hoërskool Heilbron by die "Well Done" funksie vir Primêre skole. Die skool ontvang toekennings vir Wiskunde en Tale vir graad 7. Die skool ontvang dan ook 'n toekenning vir die derde meeste atlete wat SA's atletiek bygewoon het in 2019.*




# Baie geleer, gespeel ... by Gebiedskamp

Die Heilbron Voortrekkers het die naweek, 14-16 Februarie, op Vegkop hulle jaarlikse Gebieds-Georganiseerde Naweekkamp gehad. Met lieflike warm sonskynweer het die kinders al die aktiwiteite geniet. Met vyf Voortrekker Kommando's wat die naweek bygewoon het, was daar 'n totaal van 80 jeuglede en 16 offisiere. Die GGN het spesialisasie aangebied vir elke graad. Graad 1 - Junior Kok en Kind van Jesus, Graad 2 - Veldkook en Junior noodhulp, Graad 3 - Handwerk en Junior paraatheid, Graad 4 - Gasheer en gasvrou asook Junior kok, Graad 5 - Godsdiens en Boeresport, Graad 6 - Anglo Boereoorlog, Graad 7 - Afrikanerkind.

Almal het baie geleer, gespeel en dit net geniet. Groot dankbaarheid word getoon vir elke aanbieder, besoeker en jeuglede.















Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033 of 083 363 6553.






SPORTverslag

# Vian wen sy eerste mug

Die somer toestande bring spelers baan toe en ook beter gholf saam met dit. Vian Leeb het Saterdag gewys hoekom hy 'n goeie enkelsyfer gholfer is. Hy wen die HBA Monthly Mug met 'n netto telling van 66, ses houe beter as sy voorgee. Jaco Lombard het ook sy beste gegee met 'n 69 netto in die tweede plek, Jackie Leonard was derde met 71 netto.

Die Sundowners Klub van die Vaaldriehoek besoek Heilbron môre en kan lede wat wil speel na die veld afgaan vanaf 12:30. Daar is ook 'n braai gereel vir die manne en lede kan gerus saam met die manne kuier. Die trekking van die dubbels en enkels putjiespel is ook gedoen en spelers wat ingeskryf het moet hulle vergewis van die bepalings en afsnydatums.

Ledegelde moet ook teen einde Februarie betaal word.

Volgende Saterdag is dit die groot Adam- en Eva-dag. Kom deel in die pret dag saam met die skoner geslag. Daar is reeds sowat 14 pare wat ingeskryf het.

## JAARPROGRAM : 2020
## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| | | |
|---|---|---|
| 7 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |

# Noord-Vrystaat Viere kompetisie

Die afgelope naweek is Noord-Vrystaat dames en mans viere kompetisie by Kroonstad Rolbalklub aangebied met 32 spanne wat deelgeneem het en al drie die bane was gebruik.

Alhoewel die spanne van Whitey Joubert en Magda Bierman goeie spel gelewer het kon hulle nie Sondag se uitspeelrondtes haal nie.

Catrien Koekemoer van Koppies rolbalklub het met haar KBC/Heilbron gekombineerde span Sondag se uitspeel net-net gemis.

Sondag se uitspeelwedstryde was heelwaarskynlik warmer as die Vrystaatse son wat neergebak het en uiteindelik het die damesspan van Hennenman en die manne van Reitz met die louere weggestap.

Eerskomende naweek word die veterane enkels (*Steun-en-kreun brigade*) by KBC aangbied en Heilbron Rolbalklub is weereens goed verteenwoordig deur Magda Bierman, Antoinette Cunningham, Koos Bierman, Terence Cunningham, Johan Greyling en Gerald Rademeyer.

Vrydagaand 28 Februarie word die groot deurnagtoernooi hier aangebied. Klublede is reeds besig met die nodige voorbereidings om van die toernooi iets besonders te maak en die "steak", geskenk deur Meloney Pretorius, gaan verseker die middernagete iets besonders maak.



*Op die foto vl: Daleen du Plessis, Susan Venter, Linda van Caspel en Bianca Keeve.*



*Op die foto vl: Pieter Cronje, Ben Pieterse, Adriaan Oosthuizen en Loffie Cronje.*


BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 25 FEBRUARIE 2020
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 26 FEBRUARIE 2020
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 27 FEBRUARIE 2020
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco 079 493 9755

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

POTCHEFSTROOM : EBARJONIER SAVM
3de JONG RAM PRODUKSIEVEILING
74 Top SAVM skape
11:00, Mooibank, Potchefstroom
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VRYDAG - 28 FEBRUARIE 2020
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID



